**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 30 JULIE 2023**

# NEGENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Rahul en Lorette van Varanasi***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 9:1-5; Genesis 32:22-31;**
**Psalm 17:1-7, 15; Matteus 14:13-21**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 30 JULIE** | |
| | POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens: Ds Chris Barnardo<br>NAGMAAL<br>Deuroffer ten bate van: BADISA<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| 10:00 | Senior kategese |
| 10:00 | Gemeentetee |
| **MAANDAG, 31 JULIE** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 1 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 2 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Biduur |
| **DONDERDAG, 3 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum: Bingo |
| Sopbeurte: | Wena Janse van Rensburg, Elmari Schwenke-Van der Walt, Sybil Smit, Dotjie Steyn, Maranda van der Merwe, Etetia Conradie |

| VRYDAG, 4 AUGUSTUS | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 5 AUGUSTUS** | |
| | |
| **SONDAG, 6 AUGUSTUS** | |
| | Tiende Sondag in Koninkrykstyd |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Makhathini<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| 10:00 | Senior kategese |

# GEMEENTENUUS



1. Ons het die volgende lidmaatskap ontvang:
   Renier Wessels vanaf Digtebij.
2. Baie geluk aan Jaco van der Merwe en Tené de Wet met hul verlowing. Hul ouers is Kosie en Juna van der Merwe en Morné en Tertia de Wet.
3. Charles en Veronica Wolfaardt (Othello) se kleindogter, Tanisha Storm het gister 29 Julie in die huwelik getree met Francois Bronn.
4. Louis en Ina Hurter (Othello) se dogter Christel, het 'n draai in die hospitaal gemaak.
5. Theo Lombaard (Othello) is weer opgeneem in die hospitaal.
6. Cassie Carstens (Gousblomstraat) het die afgelope week mediese toetse ondergaan.
7. Die koor van Gene Louw Primêre Skool waarin Chris en Carina se kleindogter, Carlien, sing, het die landwye Applous-kompetisie in Pretoria gewen.
8. Adri Burger se ma het die afgelope week geval en haar heup gebreek. Sy het Donderdag 'n heupvervanging gekry.
9. Sandra Clausen (Waterbessiestraat) se broer is oorlede.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. **Bybels:** Ons het Afrikaanse, Engelse en Xhosa Bybels vir verspeiding na huiswerkers, tuinwerkers, petroljoggies, karwagte, ens. Kontak gerus die kerkkantoor.

# SENIOR BURGER TEE

Die datum van die Senior Burger Tee word op die jaarprogram aangedui as Dinsdag 19 September. Dit gaan egter vanjaar skuif na 'n Saterdag, naamlik 16 September. Hou hierdie spasie dop vir meer inligting binnekort.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK




30/07 Tommie Traut, Beat du Toit, Joos van Zyl, Marietjie Breet, Erna Carstens, Corné van der Merwe
31/07 Lielah Albertyn, Natalie Kennedy, Jamie Losper
01/08 Bea Swart, Clariska Kotzé, Bennie du Plessis, Reynier van der Watt(80), Jani Orlandi, Kayla Horn
02/08 Judy Steyn(85), Miemie Loubser(87), Anien Heydenrych
03/08 **Mariana van Schalkwyk,** Hein Smit, Carol Kotze, Annette de Villiers(81), Ronél Marais, Mikeryn Pote
04/08 Lu-Adri Groenewald, Chrisma Terblanche, Sylvia Lötter
05/08 Elzeth Loots, Elmarie Steyn, Leandré Hough, Dawie Maas(91), Cesc Bowers, Wilna van der Merwe
06/08 Annalien Volschenk

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## BADISA

Badisa beteken **BA**rmhartigheid (NGK se omgee uitreik) en **DI**akonale dienste (VGK se omgee uitreik) wat **SA**am funksioneer. Hierdie gesamentlike aksies van ons kerke bied maatskaplike dienste en versorging vir alle soorte mense met ongeveer alle soorte behoeftes. Dit is tot ons elkeen se beskikking. Badisa is ’n geregistreerde NPO (011-891) en PBO (93000 6348) wat die barmhartigheidsbediening van die NG Kerk in die Wes-Kaap en die VGK (Kaapland) organiseer en koördineer.

Badisa fokus op die volgende terreine: Aanneming en swangerskapberading; Bekamping van middelafhanklikheid; Bemagtiging van vroue; Dienste aan ouer persone; Gestremdesorg; Jeugontwikkeling; Kinder- en Jeugsorgsentrums; Kinderbeskermingsdienste; Voorskoolse kinderontwikkeling en nasorg; Werkskepping en armoedeverligting. Die programme behels onder andere 47 maatskaplikewerk-kantore, 48 tehuise vir bejaardes, 23 dienssentrums, 26 kleuterskole en nasorgsentrums, 6 kinderhuise, 2 sentrums vir middelafhanklikheid en ’n swangerskaps- en beradingsentrum.

Hierdie werksaamhede word deur ’n hoof uitvoerende beampte (ds Averell Rust), ’n direkteur en 12 BMD’s (Bestuurders Maatskaplikdiensprogramme), 3 koördineerders en ’n aantal administratiewe beamptes (personeel, finansies, sekretarieel) oorhoofs gekoördineer en ondersteun. Die deuroffer vir Badisa is hoofsaaklik vir hierdie oorhoofse werksaamhede.

Kontakbesonderhede: Ds Averell Rust 021 957 7130
info@Badisa.org.za / www.badisa.org.za

# VROUESONDAG

VROUESONDAG – 13 AUGUSTUS 2023

Ons het nie vanjaar soos in die verlede ‘n vroue predikant genooi om by ons te kom preek nie, aangesien ds Hannes op daardie dag ‘n baie spesiale vrou, sy kleindogter Adri, doop.

Ons het egter steeds ons Vroue Dankoffer insameling op daardie dag. Dit is ‘n geleentheid vir ons vrouelidmate om hul dankbaarheid te betoon en ook sodoende vir ander tot seën te wees. Ons tema vir dié  jaar is juis GESEëND, OM VIR ANDER TOT SEëN TE WEES.

Ons gaan nie soos in die verlede koeverte via die dienswerkers na elke besoekpunt versprei nie, maar vandag (30 Julie) en volgende Sondag (6 Augustus) sal koeverte by die deure aan ons vrouelidmate oorhandig word. As jy nie ‘n koevert ontvang nie, kan jy enige ander koevert gebruik en dit bloot merk VROUE DANKOFFER.

Jy kan natuurlik ook per EFT oorbetaal – gebruik verwysing VROUEDANKOFFER. Die bankbesonderhede verskyn op die almanak of kontak die kerkkantoor.

# KLERE EN VERE

Danksy wonderlike ondersteuning deur De Eike-lidmate, kon die **Klere en Vere-projek** die afgelope paar weke ruim bydraes van netjies versorgde wintersklere, skoene en linne maak, om hulp te gee waar dit nodig is.

VGK Koelenhof, Helpende Hand en die landswye Winterhoop-projek / MES het hierby gebaat en gevra dat ons ***vir jou baie dankie sê!***

Jou voorheen geliefde klere, skoene, linne en wat ookal, is altyd welkom en bruikbaar.  Ons pak tans klere, ens om saam met die uitreikspan na Nuwerus te stuur. Sit jou bydrae sommer in die mandjies by die deure.

Groetnis
2 Vere

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

**Die Kosmandjie** is dankbaar vir jou ondersteuning deur iets in die mandjies by die deure te sit of 'n kontantoordrag te maak!
Ons kon aankope doen om die projek op dreef te hou die afgelope vakansie en vra nou graag jou hulp met die volgende items:



| | |
|---|---|
| soja maalvleis | blikkies: vrugte / gemengde groente |
| spaghetti | melk / poeiermelk |
| *Bully Beef* | suiker |
| tuna | |
| rys | waspoeier vir handwas |

Die lysie sal na behoefte aangepas word.

Baie dankie vir die reaksie op ons lysie sover - jy maak 'n wesenlike verskil in iemand se lewenskwaliteit!

Groetnis en mooi loop

# KUILSRIVIER-SUID




# TYGERBERG STAD KOOR BESOEK DE EIKE

Die TYGERBERG STAD KOOR tree op **Sondag 20 Augustus 2023** hier in ons kerk op.

Hulle lewer uittreksels uit MESSIAH van George Frederick Handel en Gallia  van Charles Gounod.

Dit is ‘n een uur produksie en begin om **16:00**.

Kaartjies kos **R60** en sal by die deure beskikbaar wees. Geen bespreking is nodig nie.
50% van die opbrengs van die kaartjieverkope sal vir ons gemeente wees.
Kom ondersteun gerus hierdie geleentheid.

# PREEKSKETS

**TEMA – ANDERS AS DIE MENS, HOU GOD DEURGAANS SY WOORD**



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Genesis 29:13-30 (Bl. 39)

**1. Inleiding.** Hierdie verhaal klink soos 'n humoristiese sepie. Die hoofrol word deur Jakob gespeel terwyl hy vir veertien jaar met die kous oor sy kop, deur sy skoonpa ingedoen word. Maar allermins is dit 'n sepie. Hierdie verhaal is tragies. Tragies in die sin dat gesinne verinneweer word as gevolg van gulsigheid en mag.

**2. Jakob word in eie munt terugbetaal.** "Kry vir jou Jakob! Jy wat jou pa en broer om die bos wou lei. Kry vir jou ou mamma se witbroodjie. Jy wat saam met ma gesorg het vir 'n disfunksionele gesin. Dit is jou verdiende loon." Dit is nie hoe ons reageer in die kerk nie. Ons moet sag wees teenoor hierdie man. Ons kan so maklik veroordelend wees. Ons moet onthou dat Jakob 'n vreemdeling in 'n vreemde land was. Jakob het nie geweet hoe gebruike en dinge werk en gebeur in die vreemde land waarin sy oom gebly het nie. Jakob het op sy oom se integriteit staatgemaak want aanvanklik het dinge goed verloop tussen die twee. Oom Laban is enige familielid se droom-oom. So klink dit!

**3. Laban, die gulsige sakeman.** Laban het geensins die familie of gesin in ag geneem in sy sakebesluite nie. Uitbuiting en gulsigheid ten koste van goeie verhoudinge in die gesin en familie het vir Laban gedryf om te doen wat hy gedoen het. Sy twee dogters is net twee voorwerpe waardeur hy sy doelwitte bereik. Die feit dat onbeskryflike spanning in Jakob se gesin sou plaasvind het geensins 'n rol in Laban se besluite gespeel nie. Bitter hartseer en pyn sou hieruit voortvloei. Die resultaat van Laban se skelm skema was 'n gebroke en disfunksionele gesin.

**4. Slot. Wat leer ons hieruit. Wat moet ons doen?** Moenie dat gulsigheid jou lewe oorneem en beheer nie. Dink voor jy doen! Jou gesin kom altyd eerste. Maak berekende risiko's en moenie jou gesin voor die bus gooi nie. Moenie kortpaaie kies en swak besluite maak wanneer dinge taai en moeilik raak nie. Ek weet dit is soms moeilik om aan God se beloftes vas te klou en selfs te glo wanneer omstandighede minder gunstig lyk. Wanneer dinge donker lyk is dit juis wanneer God besig is om agter die skerms te werk. Die naam van God kom nêrens in die perikoop voor nie; tog is God nie afwesig nie. Dus bestaan daar geen gevaar dat sy beloftes in 'n doodloopstraat ten einde sal loop nie. Dit is dan 'n uiters troosvolle gedagte dat God tot die uiterste sal gaan om sy beloftes aan ons te onderhou.